

# Identiteitservaring en die literêr- sosiale relevansie daarvan

**Abstract:** The experience of identity and its literary-social  
significance

*Persistence over time reflects a key element of our experience of identity. On the one hand it refers to a depth-layer of temporality exceeding all concept formation and on the other it highlights the foundational coherence between the meaning of (kinematic) constancy and (physical) change. The nature of the whole-parts relation as well as that of (thermodynamically) open systems is considered, combined with an account of conceptual knowledge and concept transcending knowledge. These perspectives open up a way to understand socially differentiated identities as well as ideological distortions of such identities. Before the article is concluded with reference to lingual constancy within the context of language and literature, it is explained that the idea of the construction of identities ought to be positioned between universal and constant principles and the way in which such starting-points for human action receive a positive shape in varying unique historical circumstances.*

## 1. Oriëntering

Die vraag na *identiteit* het die Westerse denkgemeenskap deurlopend tot nadere besinning opgeroep. Selfs vandag is daar letterlik geen enkele wetenskaplike konteks waarin die vraag na identiteit nie sinvol gestel kan word nie. Wanneer skrywers en letterkundiges gevolglik vir 'n oomblik wil stilstaan by hierdie onvermydelike gegewe van ons ervaring van die werklikheid, ontmoet ons daarin slegs 'n besondere gestalte van die aard van identiteit – of dit nou gaan oor die identiteit van bepaalde karakters in 'n roman, oor die identiteit van 'n bepaalde literêre tema of stroming, oor die identiteit van 'n bepaalde genre, of selfs oor die identiteit van 'n skrywer. Wanneer vertekeninge ter sprake kom, kan die kritiese vraag gevra word of die onderliggende identiteitsvoorkeure wat uit die konteks van 'n literêre werk spreek (hetsy geskrewe of uitvoerend), nie blyke van een of ander ideologie gee nie.

Natuurlik duik die vraag na *identiteit* nooit geïsoleerd op nie – dit word gewoonlik minstens gekoppel aan die ewe grondliggende probleem van

*verandering*. Van oudsher is die vraag immers gestel of daar te midde van 'n voortdurend-veranderende werklikheid hoegenaamd enige plek is vir die besef van *identiteit*? Selfs wanneer daar pogings aangewend is om tot 'n positiewe waardering beide van *identiteit* én *verandering* te kom, wil dit lyk asof die een slegs sinvol verantwoord kan word indien tegelyk ook rekening gehou word met, en rekenskap gegee word van, die ander een. *Identiteit* en *verandering* skyn onverbreeklik-samehangende metgeselle te wees.

'n Mens sou waarskynlik kon beweer dat die literêre kunstenaar gesien kan word as 'n esteties-begaafde filosoof en die literêre kritikus as 'n wysgerig-sensitiewe akademikus. 'n Implikasie hiervan is dat 'n besinning oor die aard van *identiteit* nie alleen na 'n nadenke oor die verhouding tussen *identiteit* en *verandering* lei nie – want dit voer ons besinning onvermydelik heen na grondvrae wat nie alleen oor die grense van 'n verskeidenheid wetenskaplike dissiplines heensny nie – maar tegelyk ook heenwys oor die grense van verskillende sosiale kontekste waarin daar van identiteit sprake is. Gevolglik is dit gepas om die problematiek van identiteit (en verandering) allereers aan 'n breër epistemologiese ondersoek te onderwerp.

## 2. Kennisteoretiese vrae

Studente wat in die jare dertig van die vorige eeu by prof. N. Diedericks filosofie studeer het, vertel dat hy altyd die voorbeeld van 'n trapfiets gebruik het om twee sake duidelik te maak:

- die geheel is meer as die som van die dele; en
- die wisseling van dele hef nie die identiteit van die fiets op nie.

Die binnebande, buitebande, wiele, raamwerk, stuur-gedeelte – en noem maar op – kan almal opeenvolgend verwissel word, en nog steeds word van dieselfde fiets gepraat. Die fiets besit klaarblyklik die vermoë om te midde van die *wisseling* van bepaalde onderdele 'n intrinsieke *duursaamheid* te vertoon – te midde van (en ongeag) alle verandering bly dit “dieselfde” fiets. In sy dialoog *Kratylos* worstel Plato (402 A) met hierdie probleem na aanleiding van Herakleitos se opmerking dat ons nie twee keer in dieselfde rivier kan instap nie, aangesien die watermassa voortdurend wissel. Later sou Plutarchus hierdie probleem van duursaamheid en verandering aan die skip van Theseus koppel. In die loop van jare het die Atheners uiteindelik elke plank waaruit die skip gebou is, vervang, wat die vraag laat ontstaan of ons nog sinvol van dieselfde skip kan praat?

## 3. Duursaamheid en verandering: die insig van Plato

Plato was veral besorg oor die implikasies wat die stelling dat alles voortdurend verander, inhou, want wanneer iemand sou beweer dat van iets kennis geneem is,

het dit die volgende oomblik reeds in iets anders verander – wat die moontlikheid van kennis ophef. Gevolglik postuleer hy, ter wille van die *kenbaarheid* van die dinge, die staties-onveranderlike “eie wese” van dinge (hul bo-sinnelike en ewig-onveranderlike wese, aangedui as die *αὐτὸ τὸ εἶδος*).<sup>1</sup>

Die belangrike gesigspunt in Herakleitos se probleemstelling is geleë in die klaarblyklike gesamentlike teenwoordigheid van verandering *en* duursaamheid (identiteit). Die unieke en onverganklike bydrae van Plato behels sy insig dat *verandering* alleen vasgestel kan word op die basis van *konstansie* (duursaamheid – vergelyk hierby Strauss, 2004). Hierdie insig strook met ons alledaagse lewenservaring, want wanneer ons na ’n foto van enigiemand kyk wat 10 of 20 jaar gelede geneem is, word maklik opgemerk dat daar veranderinge ingetree het. Op grond waarvan kan hierdie veranderinge egter vasgestel word? Die antwoord is veelseggend: Op grond van die feit dat ons steeds oor *dieselfde persoon* praat!

Met ander woorde, Plato het ingesien dat *verandering* slegs op die basis van *konstansie* vasgestel kan word, maar het ongelukkig op ’n spekulatief-metafisiese wyse in sy ideëleer daarvan rekenskap gegee.<sup>2</sup> Sy deurslaggewende insig het later selfs die grondslag gevorm van die moderne fisika, want Galilei en Einstein het beide verdere uitwerking daaraan gegee. Aristoteles het Plato se siening van die *duursaamheid* van die bo-sinnelike statiese wesensvorme van die dinge gekontinueer, alhoewel hy dit “neergetrek” het na die dinge self toe. Daarmee het hy op die ordelikheid (wetmatigheid) van die dinge gestuit. Wetmatigheid dui op ’n eienskap van dit wat aan ’n wet *onderworpe* is en moet derhalwe van die wet self (as “orde vir” – waarop Plato gestuit het) onderskei word. Met ander woorde, die wetmatigheid van die dinge dui op ’n element van universaliteit en duursaamheid wat onderskei moet word van die konkreet-indiuiduele kant van dinge. In sy *Metafisika* merk Aristoteles op: As hierdie huis vergaan, is dit nie huis-wees wat vergaan het nie. (Vergelyk *Metafisika*, 1035 b 32, en *De Anima*, 412 b 16.)

Op grond van voorgenoemde was Aristoteles van mening dat iets wat beweeg, deurlopend ’n oorsaak vir die beweging nodig het. Galilei het egter ingesien dat beweging ’n *oorspronklike gegewe* is, net soos wat getal en ruimte oorspronklik is, en dat dit gevolglik geen oorsaak benodig nie. In 1638 het hy ’n gedagte-eksperiment geformuleer waarin hy stel dat ’n bewegende liggaam die beweging daarvan sal kontinueer tot in die oneindige as die bewegingsbaan tot in die oneindige uitgestrek is – tensy iets daarop inwerk (soos fisiese wrywing of ’n fisiese krag). Dit is sy wet van inersie wat ook deur Newton oorgeneem is as sy eerste bewegingswet. Al wat moontlik is, is om te vra na die oorsaak van die *verandering* van beweging – en daarvoor word ’n fisiese krag benodig – wat die gang van ’n eenparige (uniforme) beweging kan vertraag of kan versnel.<sup>3</sup> Die primêre sin van ’n eenparige beweging weerspieël dus die oorspronklike betekenis

van *konstansie* – ons kan dit inderdaad waardeer as die kern-sin van die suiwere bewegingsaspek (kinematiese aspek) van die werklikheid.

Die fisikus Stafleu (1989:66) wys daarop dat Aristoteles se siening van beweging as verandering in die weg gestaan het van die ontwikkeling van die moderne siening van beweging waarin 'n onderskeid getref word tussen inersiele beweging en versnellende (dit is veranderde) beweging.

Hoewel Plato die eerste denker was wat pertinent tot die insig gekom het dat duursaamheid (konstansie) die vooronderstelling van alle verandering is, was dit eers die natuurwetenskaplike uitwerking van hierdie insig deur Galilei en Einstein wat werklik prominensie daaraan verleen het.

#### 4. Het Einstein 'n relatiwiteitsteorie daargestel?

Einstein se spesiale relatiwiteitsteorie bou op bogenoemde insigte voort deur middel van die postulaat dat die snelheid van lig in 'n vakuum konstant is (300 000km per sekonde) – wat beteken dat alle beweging relatief is met betrekking tot hierdie konstante. Dit was bloot 'n toegewing aan die *historistiese tydgees* aan die begin van die 20ste eeu wat Einstein daartoe verlei het om sy *teorie van konstansie* bekend te stel as 'n *relatiwiteitsteorie*. (Vergelyk hieroor Strauss, 2005:84-91.)<sup>4</sup>

#### 5. Meerdere verklaringswyses betree die toneel<sup>5</sup>

Galilei en Einstein het hierdeur Plato se oorspronklike insig verdiep en van 'n natuurwetenskaplike uitwerking voorsien. Die Griekse kultuur het begin met die wyse waarop die Pythagoreërs getal as verklaringsbeginsel voorop gestel het – soos blyk uit hul tese dat *alles getal is*. Deurdat hulle egter aan die aard van breuke (rasionale getalle) vasgehou het, was die ontdekking van irrasionale getalsverhoudinge (in moderne taal: die ontdekking van die reële getalle – vergelyk Von Fritz, 1945) 'n krisis wat aanleiding gegee het tot die benutting van 'n alternatiewe verklaringswyse, naamlik *ruimte*. Nie alleen is die hele Griekse wiskunde aan 'n *geometrisering* onderwerp nie; bykomend is daardeur die grondslag gelê van die ruimte-metafisika van Parmenides en Plato (hul *synsleer*) asook van die hele middeleeus-Roomse erfenis waar God uiteindelik gesien is as die hoogste syn (*ipsum esse*) waarin die skepsele met 'n afdalende skaal van verminderde syn aan die synsvolheid van God deel het (*partisipeer*) – (vergeelyk Kremer, 1966).

Dit was eers toe Galilei die bewegingsaspek van die werklikheid as verklaringsprinsiep ontgin het dat 'n nuwe verklaringswyse die toneel betree het – onder meer vergestalt in die nuwe *meganistiese* lewensbeskouing, waarvolgens die ganse heelal herlei is tot materiedeeltjies *in beweging*. Hierdie oriëntasie het

tewens die hoof tendens van die moderne fisika oorheers tot aan die einde van die 19de eeu – waar ons Heinrich Hertz as die laaste groot verteenwoordiger dáárvan aantref (Katscher, 1970). Hy was die laaste fisikus wat die fisika wou beperk tot die eerste drie aspekte van die werklikheid as verklaringsprinsipes – op die voetspoor van Galilei.<sup>6</sup> Hertz stel eksplisiet dat die fisika rus op die fondament van drie begrippe: *massa* (getal), *ruimte* en *tyd* (beweging) – (vergelyk Katscher, 1970:329).

Beide die ontdekking van onomkeerbare prosesse (in 1824 deur Carnot) en van radio-aktiwiteit (1896 – deur Henri Becquerel en Madame Curie) het egter die fisiese aspek van energiewerking onherroeplik ten tonele gevoer. Waar die tydorde in die eerste drie werklikheidsaspekte *omkeerbaar* is, is die fisiese tydorde *onomkeerbaar* (oorsaak kom *voor* gevolg). Hierdie onomkeerbaarheid is vervat in die tweede hoofwet wat rekenskap gee van die fundamentele onomkeerbaarheid van natuurprosesse. (In 1865 het Clausius die term *entropie* hiervoor ingevoer.) Reeds in 1852 het Thomson (kyk Apolin, 1964:440, en Steffens, 1979:140 en verder) egter daarop gewys dat ooreenkomstig hierdie wet alle beskikbare energie steeds sal strewe na ’n uniforme verspreiding. Planck (1973:55) skryf dat die “onomkeerbaarheid van natuurprosesse” die “meganiese natuuropvatting” voor “onoorkomelike probleme” geplaas het (my vertaling – DFMS). Die 20ste-eeuse fisika benut gevolglik die eerste vier werklikheidsaspekte as verklaringswyses.<sup>7</sup>

Alhoewel Lowe (1998:107) huiwerig is om te verwys na “persistence in time” in verband met “abstract objects”, tref ’n mens wel by hom ’n merkwaardige verwysing na identiteit (as duursaamheid) en na eenparige beweging aan: “One may indeed be called upon to explain the coming-to-be or the ceasing-to-be of a tomato, but surely not its continuing-to-be. Isn’t the request for an explanation of the tomato’s persistence rather like a request for an explanation of an object’s continuing to move with a uniform velocity when not acted upon by any force?”

## 6. Wat onderlê ons identiteitservaring?

In die lig van die voorgaande opmerkings kan ons nou spesifiek fokus op die vraag oor wat aan ons identiteitservaring ten grondslag lê. In die Nederlandse taal word die saak waaroor dit gaan, soos volg aangedui: “Het zich zijn en zich blijven.” Implisiet omvat hierdie formulering beide die momente van *konstansie* en *dinamiek* (verandering). Danksy die onderliggende duursaamheid of identiteit kan ons veranderinge vasstel. Wanneer dergelike veranderinge nie die duursaamheid van ’n gegewe ophef nie, ontmoet ons ’n verantwoorde besef van die *identiteit* daarvan.<sup>8</sup>

Aanvanklik het die moderne fisika slegs aandag geskenk aan *geslote* fisiese sisteme. Dit was juis die geval met die interpretasie van die tweede hoofwet van die termodinamika (oorspronklik ’n warmte-leer), waarvolgens daar in ’n geslote sisteem slegs ’n neiging in die rigting van die mees waarskynlike toestand sal

voorkom. (Hierbo is opgemerk dat hierdie neiging as *entropie* bekend staan.) In ’n geslote fisiese sisteem kan die entropie toeneem of konstant bly, maar nooit afneem nie. Tog wou dit voorkom asof lewende entiteite al meer interne orde opbou (termodinamies gesproke ’n onmoontlikheid) – en gevolglik het die vitalistiese biologie ’n onstoflike lewenskrag (entelechie *à la* Aristoteles) aanvaar wat hierdie fisiese wet sou “suspendeer” (Driesch, 1921:434 en verder). Spoedig is egter ingesien dat lewende dinge nie geslote sisteme in fisiese sin is nie, want dit staan in voordurende wisselwerking met die omgewing daarvan. Dit het Von Bertalanffy (1973:160-161) laat besef dat die tweede hoofwet veralgemeen moet word om ook op oop sisteme betrekking te hê (byvoorbeeld die opbou- en afbraakprosesse wat in ’n lewende sel plaasvind), wat beteken dat lewende dinge orde aan hul omgewing onttrek om intern meer orde op te bou, maar dat daar in totaal – dit wil sê wanneer die lewende entiteit en die omgewing daarvan opgemeet word – nog steeds ’n entropietoename is, sodat dit nie nodig is om te beweer dat lewende dinge fisiese wette “suspendeer” nie. Die *biotiese identiteit* van die sel word dus nie opgehef deur die voortdurende wisseling van stowwe wat opgeneem en uitgeskei word nie. Dit is duidelik dat die (funderende) samehang tussen (kinematiese) konstansie en (fisiese) verandering (wisseling)<sup>9</sup> binne die konteks van *oop sisteme* ’n belangrike perspektief bied op ons *identiteitservaring*.

In werklikheid benodig ’n verduideliking van ons identiteitservaring ’n verdere opmerking. Gestel ons verwys na die funksie van ’n bepaalde entiteit (soos ’n stoel) binne die getalsaspek van die werklikheid. In hierdie geval sal ons byvoorbeeld praat van *een* stoel wat *vier* pote het. Ons het twee getalsterme gebruik, te wete “een” en “vier”. Netso kan ons oor die funksie van die stoel in die ruimte-aspek praat (vorm, grootte), die bewegingsaspek aandui (“rus”, as ’n toestand van beweging) en na die fisiese aspek verwys (hoe sterk die stoel is). In al vier hierdie gevalle gebruik ons toepaslike terme om te verwys na die wyse waarop die stoel binne die sfeer van elkeen van hierdie vier aspekte funksioneer.

Ons kan die perspektief egter omdraai en vra of dit moontlik is om na die volle, konkreet-alsydige bestaan van die stoel te verwys – dit wil sê na al die aspekte daarvan – deur nog steeds bloot gebruik te maak van ons getals-, ruimte-, bewegings- of fisiese besef? In hierdie geval gebruik ons terme uit bepaalde aspekte wat ’n verwysing bevat wat die grense van hierdie aspekte te bowe gaan. Ons sê byvoorbeeld die stoel is uniek, dit besit individualiteit. Hierdie spreekwyse benut ons getalsbesef van onderskeidenheid (onderskeie hoeveelheid), maar verwys tegelyk na meer as die getalsaspek van die stoel, want die uniekheid van die stoel kom tot uitdrukking in al die aspekte daarvan. Op ’n soortgelyke wyse kan ons praat van die stoel in sy *totaliteit* – verwysende na al die aspekte van die stoel ten spyte van die feit dat die term *totaliteit* in oorspronklike sin ’n ruimte-term is.<sup>10</sup> Wanneer ons die kinematiese besef van eenparige beweging op ’n soortgelyke

wyse uitbrei oor die grense van die bewegingsaspek, ontmoet ons die idee van die *identiteit* van 'n entiteit (“het zich zijn en zich blijven”).

Daar bestaan dus 'n duidelike verskil tussen die gebruik van “aspek-terme” indien daarmee na iets verwys word wat binne die grense van die betrokke aspek funksioneer en 'n gebruik van dergelike “aspek-terme” waarin hulle op 'n wyse benut word wat ons onherroeplik tot buite die grense van die betrokke aspekte heenvoer. Die eerste soort gebruik van *aspek-terme* kan ons 'n begripsgebruik daarvan noem, terwyl die tweede soort aangedui kan word as 'n *begrip-transenderende* (idee-)gebruik daarvan.<sup>11</sup> Begripsvorming berus normaalweg op 'n veelheid universele kenmerke wat saamgebind word in die eenheid van 'n begrip. Gevolglik kan ons ook 'n begrip vorm van gegewens wat binne die grense van die werklikheidsaspekte funksioneer.<sup>12</sup> Hieruit volg vanself dat wanneer *aspek-terme* gebruik word om na gegewens te verwys wat die grense van die aspek waaruit die term stam, te bowe gaan, ons in aanraking kom met 'n *idee-gebruik* van dergelike terme (dit wil sê 'n begrip-transenderende gebruik daarvan).

Omdat natuurlike en sosiale entiteite gelyklik in alle aspekte van die werklikheid funksioneer, kan die bestaan daarvan nooit in 'n enkele aspek afgesluit word nie. Die dimensie van konkrete dinge en gebeurtenisse moet daarom duidelik onderskei word van die dimensie van aspekte. Die bestaansduur van natuurlike en sosiale entiteite is gevolglik ingebed in 'n tydelike dieptelaag wat – omdat dit eweseer al die aspekte waarin sulke natuurlike en sosiale entiteite funksioneer, te bowe gaan – slegs benader kan word op 'n *idee-matige* wyse. Die besef van die *identiteit* van dinge en gebeurtenisse berus dus enersyds op hierdie intermodale dieptelaag wat die grense van begripsvorming oorskry, andersyds berus dit op die kondisionerende rol wat die funderende samehang tussen die kinematiese en die fisiese aspekte van die werklikheid in ons identiteitservaring van die werklikheid speel.

Die erkenning van die funderende rol van die samehang tussen die kinematiese en fisiese werklikheidsaspekte (dit wil sê die erkenning dat verandering slegs op die basis van konstansie vasgestel kan word) dui allermins daarop dat 'n natuurwetenskaplike paradigma op die sosiale werklikheid of op die mens van toepassing gemaak word. Kragtens die onverbreeklike (funderende) samehang wat tussen die normatiewe<sup>13</sup> aspekte van die werklikheid en die natuursye daarvan bestaan, gaan dit hier oor 'n ontiese gegewendheid wat nie die *produk* van teoretiese denke is nie, maar wat juis teoretiese denkkonstruksies *eers moontlik maak*.

## 7. Sosiaal-gedifferensieerde identiteite

Wanneer verreken word dat normaalweg by wyse van 'n idee-gebruik van modaal-kinematiese terme oor identiteit gepraat word, en in samehang daarmee bedink word dat die voortdurende wisseling van elemente in 'n (termodinamiese)

oop sisteem ook analogies gereflekteer word binne die konteks van menslike samelewingsverhoudinge, word die weg geopen om ook sinvol rekenskap te gee van identiteitsbeweving in die menslike samelewing. By geleentheid het oud-president C.R. Swart 'n vergelyking getref tussen die lewe van 'n enkeling en 'n volk. In die geval van die enkeling is die graf vlak voor so 'n persoon en die wiegie vlak agter. By die volk, daarenteen, is daar 'n lang ry agterliggende grafte en 'n lang ry komende wiegies. Die onderliggende perspektief is dat die voortbestaan van 'n volk nie opgehef word deur die kom en gaan (gebore word en afsterwe) van die lede daarvan nie. Dit is presies hierdie eienskap wat verwys na die aard van termodinamiese oop sisteme. Ons vind dit byvoorbeeld ook by verskeie ander samelewingsvorme, soos die staat, die bedryfswêreld, die universiteit en die sosiale klub. In die geval van die staat kan die owerheidspersone wissel en die onderdane kan wissel (hetsy oor tyd of in terme van emigrasie / immigrasie), maar steeds bly die staat voortbestaan *as* staat, ongeag hierdie voortdurende wisseling wat plaasvind. Werkgewers en werknemers in 'n bedryf kom en gaan, sônder dat die bedryf ophou om te bestaan – en dieselfde geld van 'n sosiale klub, waar die wisseling van (bestuurs)lede geensins die duursaamheid of identiteit van die klub kanselleer nie.

Die gepaste omvattende tipering van hierdie eienskap is gegee in die aanduiding *solidêre eenheidskarakter*. Samelewingsvorme wat oor hierdie eienskap beskik, vertoon 'n relatiewe duursaamheid of identiteit. Wanneer hierdie eienskap gepaar word met die aanwesigheid van 'n duursame relasie van bowe- en onderskikking (dit wil sê van 'n *permanente gesagstruktuur*), kan samelewingsvorme wat oor albei hierdie kenmerke beskik, aangedui word as *verbande*. Indien slegs een van hierdie kenmerke teenwoordig is, ontmoet ons *gemeenskapsrelasies*, en wanneer albei afwesig is, betree ons die domein van *maatskapsverhoudinge*.<sup>14</sup>

Waar maatskapsverhoudinge afsien van enige samelewingsvorm waarin die mens 'n bepaalde sosiale rol vervul, is dit juis tipies van verbands- en gemeenskapsverhoudinge dat die mens daarin as deel van 'n groter geheel optree. Hierdie *deel-wees* van 'n groter sosiale geheel word telkens anders gespesifiseer – in ooreenstemming met die tipiese aard van die samelewingsvorm waarin dit verskyn. Elkeen van hierdie sosiaal-gedifferensieerde rolle (lidmaatskapfunksies) beliggaam 'n uniek-onderskeie sosiale identiteit. As burger van 'n staat besit die mens 'n staatkunde-identiteit – byvoorbeeld Suid-Afrikaans, Nederlands, Kanadees, en so meer; as lidmaat van 'n bepaalde kerkgenootskap besit die mens 'n kerklik-godsdienstige identiteit – byvoorbeeld as Nederduitser, Gereformeerd of Hervormd; as deelgenoot van 'n bepaalde volk as kultuurgemeenskap besit die mens 'n kulturele of volksidentiteit – byvoorbeeld as Afrikaner, Nederlander, Vlaming, Sotho, en so meer.<sup>15</sup>



## 8. Ideologiese verwringing van identiteit

Die bestaan van 'n gedifferensieerde verskeidenheid sosiale identiteite is afhanklik van 'n deurslaggewende grondliggende beginsel – die beginsel naamlik dat geen enkele mens se lewe ooit totaal en volledig *opgaan* in enige verband of gemeenskapsrelasie nie.<sup>16</sup> Ofskoon die mens veelvuldige sosiale rolle het, omvat geeneen van hierdie rolle die lewe van die mens omvattend of uitputtend nie. Daar bestaan ook geensins 'n prioriteitsorde op grond waarvan byvoorbeeld beweer sou kon word dat 'n bepaalde persoon in die *eerste* plek dit en in die *tweede* plek dat sou wees nie. In Suid-Afrika word tewens dikwels getwis oor die vraag of iemand eerste 'n Suid-Afrikaner en in die tweede plek 'n Afrikaner, Engelsman, Xhosa of Zoeloe is. Tradisionele Afrikaanse kultuurorganisasies was geneig om te beweer dat Afrikanerskap voorafgaan aan Suid-Afrikanerskap.

Hierdie vraagstelling is prinsipieel foutief, aangesien die mens *gelyktydig* deel het aan 'n verskeidenheid verbande en gemeenskappe. Indien 'n mens gevolglik vanuit die perspektief van enige verband of gemeenskap na die samelewing kyk, word telkens by uitstek daardie lewensverbintenis opgemerk wat as *bril* gekies is. Indien 'n mens byvoorbeeld vanuit 'n staatskundige perspektief na Suid-Afrika sou kyk, merk 'n mens Suid-Afrikaanse staatsburgers op. Sou daarenteen gefokus word op die aard van kultuurgemeenskappe, dan merk 'n mens Afrikaners, Engelse, Sotho's en Zoeloes op. 'n Persoon is, in hierdie bepaalde voorbeeld, derhalwe *gelyktydig* 'n Suid-Afrikaner en 'n Afrikaner, 'n Sotho of 'n Zoeloe.

Wanneer een of ander samelewingsverhouding (hetsy van verbands-, gemeenskaps- of maatskapsaard) oorspan word, tref ons 'n ideologiese vertekening aan wat wortel en tak verwissel. Geen enkele gedifferensieerde samelewingsverbintenis kan tewens waardeur word as die radikale, sentrale en totale verbintenis van mens-wees nie, omdat dit altyd slegs periferaal en gedeeltelik is. 'n Mens behoort derhalwe te onderskei tussen die verskeidenheid gedifferensieerde (G), periferaal (P) en gedeeltelike (G) verbintenisse aan die een kant, en die uiteindelijke diepste verbondenheid van mens-wees wat radikaal (R), sentraal (S) en totaal (T) is aan die ander kant; dit wil sê tussen die wortelverbintenis van mens-wees (RST) en die verskeidenheid GPG-verbintenisse waaraan die mens gelyktydig deel het. Die diepste lewensbeskoulike lewensooruigings setel in die RST-dimensie (dit vergestalt die RST-identiteit van mens-wees) en moet steeds onderskei word van die veelheid GPG-identiteite waaraan die mens kan deelhê.

Indien enige vertakking van die mens se lewe (ideologies) tot wortelverbintenis verhef word, ontmoet ons 'n vertekening van die sin daarvan. 'n Sodanige ideologiese skeeffrekking lei daartoe dat een vertakking tot lewenswortel gepromoveer word en dat alle ander lewensverbintenisse tegelyk ingeënt word op hierdie *pseudo-lewenswortel*. Die antieke Griekse idee van die *polis* (in die

denke van beide Plato en Aristoteles) beskou die staat (*politeia*) as die hoogste samelewingsgeheel wat die taak besit om die mens tot sedelike vervolmaking te voer.<sup>17</sup> Gedurende die Middeleeue is hierdie siening oorgeneem, maar beperk tot die laere natuurlike lewe wat omspan word deur die Roomse kerkinstituut as die omvattende bonatuurlike genade-instituut wat die mens tot ewige gelukzaligheid sal voer. Hierdie eras van ’n dominante staatsideologie en kerkideologie is gedurende die vroeg-moderne tyd (die Renaissance en daarna) opgevolg deur die bogemelde atomistiese verdragsteorieë waarin ten diepste ’n verafgoding van die vermeende outonome individu gestalte sou kry. In die jongste verlede het ons binne die Afrikanerkultuur organisasies ontmoet wat die volk tot sentrale verbintenis verhef het en gevolglik die verskillende samelewingsterreine tot “terreine van die Afrikanervolk” herdoop het.

’n Soortgelyke ideologiese vertekening van mens-wees en identiteit word aangetref in die geyste praktyk om die mens totaal te tipeer bloot in terme van één of (enkele) faset(te) van die mens se bestaan. Dit gebeur byvoorbeeld in die klassieke opvatting waarvolgens die mens gesien word as ’n *redelik-sedelike* wese, of in meer moderne (eensydige) tiperinge soos dat die mens ’n *sosiale* wese is, of ’n *ekonomiese* wese (*homo economicus*), of ’n *simboliese* wese (*homo symbolicus*), en so meer. In onderskeiding van die verskillende ryke in die natuur (soos die ryk van stoflike dinge, van plante en van diere), wat elkeen eenduidig en uitputtend deur ’n spesifieke werklikheidsaspek gekwalifiseer of gestempel word,<sup>18</sup> word die mens deur *geen* enkele aspek gekwalifiseer nie, juis omdat die mens afwisselend onder leiding van alternatiewe (normatiewe) gesigspunte kan optree.<sup>19</sup>

## 9. Word menslike (of sosiale) identiteite “gekonstrueer”?

Die idee van *menslike konstruering* geniet gedurende die afgelope paar dekades toenemende prominensie in verskillende wetenskaplike gebiede. In verskeie vakwetenskappe word hierna verwys as die *konstruksionisme* of *konstruktivisme*.<sup>20</sup>

Veral in die moderne sosiologie word gepraat van die *sosiale konstruksie* van die werklikheid, met name in die denklyn van Husserl, Schutz, Luckmann en Berger. Aan die een kant glo Luckmann (1983:ix) dat “human social reality is necessarily historical” en dat dit derhalwe tot die taak van die sosiologie as “empiriese dissipline” behoort om rekenskap te gee van die “constitution of social phenomena” in gerigtheid op die doelstelling “[of] explaining the varieties of the social construction of historical realities” (Luckmann, 1983:ix, vergelyk ook bladsy 25 van hierdie werk van Luckmann). Luckmann het dus duidelik ’n besef dat wetenskaplike denke gekonfronteer word met “universals” en “invariant

structures” aan die een kant, en met unieke historiese realiteite aan die ander kant (die “social construction of historical realities”).

Ongelukkig tref ons geensins ’n duidelike en verantwoorde verduideliking van die verhouding tussen universele en konstante strukture in die menslike leefwêreld en die daarmee gepaardgaande histories-unieke konstruksies in die werklikheid aan nie. Die voortgaande spanning tussen hierdie twee elemente word hoogstens getemper deur ’n siening van ’n *mathesis universalis*. (Vergelyk Luckmann, 1983:13-31.)

Die historiese wortel van die idee van die *sosiale konstruering* van die werklikheid strek egter verder terug as die denke van Husserl. In reaksie op die lank-oorheersende spekulatief-metafisiese denkwysse van die Middeleeue vind ons reeds by die laat-Skolastiese nominalisme ’n radikale kentering (byvoorbeeld by Scotus en Ockham). Waar Plato se opvatting van stasiese wesensvorme (ideë) eintlik op die *orde vir (wet vir)* skepsel-wees gestuit het, het Aristoteles op die *wetmatigheid* (ordelikheid – kyk voetnoot 2) van die dinge gestuit. Die nominalisme ontken egter enige universaliteit buite die menslike gees, wat beteken dat waarheid nie meer kan bestaan in die vermeende ooreenstemming van denke en syn nie, maar hoogstens te vind is in die versoenbaarheid van begrippe. Die implikasie van die ontkenning van universaliteit buite die menslike gees is egter dat die konkrete werklikheid gestroop is van enige vorm van orde-bepaaldheid en van alle vorme van wetmatigheid. Die werklikheid buite die menslike gees verskrimp sodoende tot ’n chaotiese, struktuurlose menigvuldigheid – en die vakuum wat hierdeur geskep is, sou spoedig gevul word deur die menslike denke tot werklikheidsordenende instansie te verhef. Dit het geboorte geskenk aan die idee van *logiese skepping*, wat via Hobbes sou uitloop op Immanuel Kant se siening dat die verstand nie sy wette uit die natuur skep nie, maar dit *apriori* aan die natuur opdwing (Kant, 1783, II:320; § 36).

Die verstand as formele wetgewer van die natuur besit volgens Kant ’n universele trefkrag. Juis as gevolg daarvan moet Kant probeer rekenskap gee van hoe dit moontlik is dat die subjektiewe kondisies van die menslike denke objektiewe geldigheid kan besit. (Kyk Kant, 1787-B:122.) Hierdie probleem sou egter spoedig deur die opkoms van die historisme aan die begin van die 19de eeu (in die denke van Niebuhr, Ranke en die historiese regskool – vergelyk Von Savigny) gerelativeer word, totdat dit uiteindelik – ná die taalwending aan die einde van die 19de en begin van die 20ste eeu – volledig omgeslaan het in die teenoorgestelde uiterste: die siening dat elke mens of kollektiwiteit sy of haar eie, unieke werklikheid konstrueer.

In werklikheid kaap die idee van konstruering bloot die vryheid waaroor die mens beskik om in uiteenlopende historiese omstandighede tot alternatiewe

gestaltegewinge van onderliggende universele, konstante beginsels te kom. Denkers vanuit verskillende tradisies dui die toepassing van beginsels aan as die *positivering* daarvan.<sup>21</sup> Alle fasette van tipies-menslike handeling openbaar ’n genormeerdheid wat allereers in kontrêre teenstelling (soos logies – onlogies, sosiaal – onsosiaal, ekonomies – onekonomies en eties – oneties) na vore tree. Hoewel daar verskil kan word oor wat ekonomies normatief of antinormatief is, kan dit nie ontken word dat daar, sonder beginsels vir die ekonomiese lewe van die mens, nie sprake kan wees van die teenstelling ekonomies – onekonomies nie.

Beginsels dien as universele, konstante vertrekpunte van menslike handeling (en konstruksies) en hierdie vertrekpunte kan slegs van krag gemaak word (gepositiveer word) deur ’n kompetente orgaan wat oor ’n toerekenbare vrye wil beskik wat in die lig van unieke historiese omstandighede tot alternatiewe toepassings kan kom van die normatiewe appèl wat in so ’n vertrekpunt opgesluit lê. Die onderskeiding tussen *norm-skeppende* en *norm-gehoorsame kreatiwiteit* (van Chomsky afkomstig) belig die onderskeiding tussen beginsel en positivering treffend. Die wetgewende bevoegdheid van ’n parlement in ’n regstaat dui byvoorbeeld op die aard van *norm-skeppende kreatiwiteit*, dit wil sê op die positivering van onderliggende regsbeginsele. Binne ’n bestaande regsorde laat die gepositiveerde regsbeginsele op hul beurt allerlei gestaltes van *norm-gehoorsame kreatiwiteit* (nadere vormgewing) toe.

## 10. Linguale konstansie: taal en literatuur

Sowel in verskillende kunsvorme (insluitende literatuur) as in die literatuurwetenskaplike besinning oor die aard en kwaliteit van literêre kunswerke speel dieselfde verskeidenheid identiteitsbelewensse wat in ons alledaagse lewe voorkom, ’n deurslaggewende rol. Wanneer ’n karakter of ’n tema “ontwikkel” word, veronderstel dit duursaamheid of identiteit te midde van veranderinge. Die estetiese segging van ’n literêre werk besit ’n konstante appèl wat uit hoofde van die resepsie-geskiedenis daarvan variabele interpretasies mag ontvang – maar hierdie variabiliteit is deurlopend afhanklik van die duursame gegewenheid van die betrokke literêre werk.

Die sleutelrol wat die idee van “différance” in Derrida se siening van uitgestelde betekenis en dekonstruksie speel, ontkom allermins aan die funderende samehang tussen (linguale) konstansie en dinamiek – wat teweens nie losgemaak kan word van die samespel van (linguale) identifisering en onderskeiding nie. Elke literêre intensie van simboliese betekening is altyd afhanklik van die benodigde linguale identifisering en onderskeiding van die relevante (gesproke of geskrewe) woorde. Dit geld ook ten opsigte van die letters wat gebruik word. Hoeseer “différance” uitstel impliseer, die gebruikte letters van hierdie woord bly volstrek konstant!<sup>22</sup>

## 11. Slotopmerking

Die universeel-aanwesige identiteitservaring van die mens hang enersyds saam met die relatiewe duursaamheid van (natuurlike en sosiale) entiteite en gebeurtenisse en word andersyds mede-gekondisioneer deur die funderende samehang tussen die kinematiese en fisiese aspekte van die werklikheid – waar die begrip-transenderende gebruik van modale terme deurslaggewend is vir ons spreke van identiteit.

Universiteit van die Vrystaat

### AANTEKENINGE

1. Die uitdrukking *αὐτὸ τὸ ...* verskyn onder meer in Euthypro en in Hippias Major. In die latere dialoë vra Sokrates aan Hippias om hom te onderrig aangaande wat die skone self is: *καὶ με διδάξον ἱκανῶς αὐτὸ τὸ καλόν* (286 d 8). Die woord *eidos* word ooreenstemmend gebruik in 289 d 4 en 298 b 4. Ander plekke waar die uitdrukking *auto to* in Hippias Major voorkom is 288 a 9; 289 c 3 en 292 c 9.
2. In werklikheid het Plato die *orde vir* die werklikheid ontdek – wat as *wet-vir-skepsel-wees* die konstante kader vorm waarbinne konkrete dinge hul variabele bestaansruimte vind. Later sou Aristoteles Plato se idee “aftrek” na dit wat hy bestempel het as die *universele wesensvorme* van die dinge. Hy stel byvoorbeeld dat wanneer hierdie huis vergaan dit nie huis-wees is wat vergaan nie (Metaph. 1039 b 22-26) – wat aantoon dat hy (as korrelaat van die *orde vir*) die *ordelikheid van* die dinge opgemerk het. (In die huis-wéés van elke individuele huis tóon daardie huis op ’n universele manier dat dit onderworpe is aan die universele orde vir huis-wees.)
3. ’n Duitse fisikus, Von Weizsäcker (2002:172), vat hierdie situasie kernagtig saam wanneer hy stel dat, aangesien die traagheidswet getoon het dat geen krag nodig is vir ’n verandering van plek nie, dit natuurlik is om aan te neem dat krag ’n verandering in snelheid inhou. Newton praat van ’n verandering in die “bewegingsgrootte” (soos vermeld deur Von Weizsäcker).
4. Ter wille van volledigheid stip ek vlugtig ook die wiskundige hantering van identiteit aan. In die aksiomatiese versamelingsleer word twee versamelings *v* en *w* identies genoem as, en slegs as, hulle dieselfde elemente besit. (Vergelyk Lemmon, 1968:10.) ’n Mens kan ook die simbool (“=”) gebruik om identiteit aan te dui. Lemmon (1968:11) se keuse is om “identiteit as die primitiewe nosie te neem [...] en beskou dit as deel van die onderliggende logiese raamwerk” (my vertaling – DFMS). Wanneer gelykheid (*equality*) benut word om identiteit aan te dui, word dit ook as deel van die onderliggende logika beskou. (Vergelyk Fraenkel *et al.*, 1973:25.) Weyl (1966:19) praat van *logiese identiteit* ( $x = y$ ) as ’n twee-aardige (*zweistellige*) relasie en in samehang daarmee, wanneer hy outomorfoë bespreek, karakteriseer hy *identiteit* as ’n een-eenduidige afparring (Weyl, 1966:97).
5. Vergelyk hierby die meer uitvoerige uiteensetting in Strauss (2006a).
6. Galilei bring tewens die volgende eienskappe in berekening: getalseienskappe (soos telbaarheid), geometriese eienskappe (soos vorm, grootte, posisie, kontak) en kinematiese eienskappe (soos beweeglikheid). Vergelyk Hucklenbroich (1980:291): “G. Galilei zählt als primäre Qualitäten der Materie arithmetische (Zählbarkeit),

- geometrische (Gestalt, Gröfse, Lage, Berührung) und kinematische Eigenschaften (Beweglichkeit) auf.”
7. Dit vorm tewens ook die basis van die verskillende metingsgrootthede wat deur Paul Lorenzen (1976:1 en verder) in sy “protofisika” onderskei word: massa, lengte, duur en lading.
  8. Dit is merkwaardig dat Van Wouenberg in sy hele geskrif (*Het mysterie van de identiteit, een analytisch-wijsgerige studie*) uit die jaar 2000 nêrens die problematiek van konstansie en dinamiek in verband bring met die aard van identiteit nie.
  9. In ’n uitgebreide semantiese werk oor betekenisverandering belig die woord-keuse van Stern (1965:162; ook 166) die funderende samehang tussen konstansie en verandering wanneer hy opmerk: “Many referents are constantly changing.” Ferdinand de Saussure (1964:74) het die funderingsverhouding tussen konstansie en verandering ook goed begryp, soos duidelik blyk uit sy opmerking oor verandering en diskontinuiteit: “The principle of change is based on the principle of continuity.”
  10. Die kontinue uitgebreidheid van ’n ruimte-figuur – soos ’n reguit lyn – laat ’n eindelose verdeling toe en wanneer alle dele tesame geneem word, het ons die geheel (totaliteit) van die lyn in sig. Die geheel-dele-relasie verskyn derhalwe oorspronklik in die ruimte-aspek.
  11. In Engels gestel: “a conceptual use of modal terms and a concept-transcending use of them”.
  12. Die aspekte van die werklikheid besit ’n universaliteit wat alle moontlike dinge en gebeurtenisse omvat – omdat elke ding en gebeurtenis ’n funksie in alle aspekte besit. (Dit staan bekend as die *modale universaliteit* van die aspekte.)
  13. Dink aan die logies-analitiese aspek, die kultuur-historiese aspek, die teken-aspek, die sosiale aspek, die ekonomiese aspek, die estetiese aspek, die juridiese aspek, die etiese aspek en die geloofsaspek. In elkeen van hierdie normatiewe aspekte word analogieë van die kinematiese en fisiese aspekte aangetref – soos onder meer vergestel in die spreke van sosiale duursaamheid (identiteit) en sosiale verandering, of in die spreke van juridiese konstansie en dinamiek.
  14. Voorbeelde van verbande is die staat, ’n bedryf, ’n klub, universiteite en kerkgenootskappe. Die huwelik, volk en familie is almal gemeenskappe, terwyl vriendskap en buurskap maatskapsverhoudinge verteenwoordig. (Vergelyk Strauss, 2006:248 en verder.)
  15. Let daarop dat hiermee nóg enige hiërargie tussen verskillende sosiale identiteite aangedui word, nóg geïmpliseer word dat alle sosiale verbintenisse dieselfde gewig dra.
  16. Insgelyks kan geen mens se lewe afgesluit word in maatskapsverhoudinge nie. ’n Atomistiese (individualistiese) samelewingsbeskouing beklemtoon maatskapsverhoudinge ten koste van gemeenskappe en verbande, terwyl ’n holistiese (universalistiese) siening een of ander verband of gemeenskap verhef tot die hoogste en allesomvattende samelewingsgeheel. Die meeste moderne sosiale verdragsteorieë (Thomasius, Pufendorf, Hobbes en Locke) dink atomisties. Die na-Kantiaanse vryheidsidealisme (Schelling, Fichte en Hegel), asook die daardeur geïnspireerde nasionaal-sosialisme, verdedig hierteenoor ’n holistiese siening.
  17. In Suid-Afrika bestaan die opvatting tewens dat skoolopvoeding die doel nastreef om staatsburgers tot morele deugsamheid (goedheid) te voer – wat daarop dui dat diegene wat aan hierdie oortuiging vashou, nie daarin geslaag het om los te kom van die Griekse *paideia*-ideaal nie.

18. Die fisiese aspek stempel die stoflike ryk, die biotiese aspek die planteryk en die sensitief-psigiese aspek die diereryk. Hoewel die kontemporêre biologiese klassifikasie selfs meerdere “ryke” onderskei, slaag dit nie daarin om uniek-onherleibare modale funksies vir elkeen daarvan aan te dui nie – dit verval bloot in sub-onderskeidinge binne bioties gekwalifiseerde entiteite.
19. ’n Persoon kan byvoorbeeld die een oomblik besig wees om na te dink oor ’n wetenskaplike probleem, die volgende oomblik gesellig met vriende ontspan, dan weer iets by ’n winkel koop of ’n musiekuitvoering gaan geniet. Dit is duidelik dat hierdie uiteenlopende handeling telkens deur ander normatiewe gesigspunte begelei word – in die eerste geval deur die eise van logies-analitiese denke, daarna deur dit wat fatsoenlik is, gevolg deur oorwegings van spaarsaamheid en skone harmonie.
20. Dit is eintlik die naam wat verbind word aan die wetenskapsteoretiese benadering van Paul Lorenzen, wat in aansluiting by die intuisionistiese skool in die wiskunde, ’n sogenaamde konstruktiewe logika en wiskunde ontwikkel het. K. Mainzer het in 1973 sy proefskrif oor die “Mathematische Konstruktivismus” die lig laat sien (Münster). Kyk Mainzer, 1976:1019-1021.
21. Habermas (1996:71, en 1998:71, 101, 173, 180) praat byvoorbeeld eksplisiet van die “positivering van die reg”, terwyl dieselfde gedagte reeds by Rudolph Smend (1930:98) en Nicolai Hartmann (1926:160 en verder; kyk ook Horneffer, 1933:105) aangetref word.
22. Habermas (1998:26-27) merk treffend op: “Reeds op die vlak van die teken-substraat van betekenis moet dit herhaaldelik moontlik wees om die teken-tipe te herken te midde van die verskeidenheid van korresponderende teken-gebeure.” (My vertaling – DFMS.)

## VERWYSINGS

APOLIN, A.

1964. Die Geschichte des Ersten und Zweiten Hauptsatzes der Wärmetheorie und ihre Bedeutung für die Biologie. In: *Philosophia Naturalis*, Volume 8. pp. 431-458.

ARISTOTLE.

2001. *The Basic Works of Aristotle*. Edited by Richard McKeon with an Introduction by C.D.C. Reeve. (Oorspronklik gepubliseer deur Random House in 1941). New York: The Modern Library.

BERGER, P.L.

1967. *The social construction of reality. A treatise in the sociology of knowledge*. New York: Anchor Books.

DE SAUSSURE, F.

1964. *Course in General Linguistics*. London: Owen.

DRIESCH, H.

1921. *Philosophie des Organischen*. Leipzig: Engelmann.

FRAENKEL, A., BAR-HILLEL, Y., LEVY, A. & VAN DALEN, D.

1973. *Foundations of Set Theory*, 2<sup>de</sup> hersiene uitgawe. Amsterdam: North Holland.

GALILEO GALILEI.

1638. *Dialogues and mathematical demonstrations concerning two new sciences*, Duitse vertaling, Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft, 1973.

HABERMAS, J.

1996. *Between facts and norms: contributions to a discourse theory of law and democracy*, vertaal deur William Rehg; 2<sup>de</sup> druk, Cambridge: Massachusetts: MIT Uitgewer.

1998. *Faktizität und Geltung. Beiträge zur Diskurstheorie des Rechts und des demokratischen Rechtsstaats*. Frankfurt am Main: Suhrkamp uitgawe (eerste uitgawe 1992).

HARTMANN, N.

1926. *Ethik*. Berlin en Leipzig: Walter de Gruyter.

HORNEFFER, R.

1933. *Die Entstehung des Staates. Beiträge zum öffentlichen Recht der Gegenwart*. Tübingen: Mohr.

HUCKLENBROICH, P.

1980. Der physikalische Begriff der Materie. In: Ritter, *Historisches Wörterbuch der Philosophie*. Volume 5, Stuttgart: Schwabe & Co Verlag. pp. 921-924.

KANT, I.

1783. *Prolegomena einer jeden künftigen Metaphysik die als Wissenschaft wird auftreten können*. Hamburg: Felix Meiner uitgawe (1969).

1787. *Kritik der reinen Vernunft*, 2<sup>de</sup> Uitgawe (verwysings na 1787-B). Hamburg: Felix Meiner uitgawe (1956).

KATSCHER, F.

1970. Heinrich Hertz. In: *Die Grossen der Weltgeschichte*, Volume IX, Röntgen bis Churchill. München: R. Oldenburg.

KREMER, K.

1966. *Die neuplatonische Seinsphilosophie und ihre Wirkung auf Thomas von Aquin*. Leiden: Brill.



LEMMON, E.J.

1968. *Introduction to axiomatic set theory*. London: Routledge & Kegan Paul.

LORENZEN, P.

1976. Zur Definition der vier fundamentalen Meßgrößen. In: *Philosophia Naturalis*, Volume 16:1-9.

LOWE, E.J.

1998. *The Possibility of Metaphysics. Substance, Identity, and Time*. Oxford: Clarendon Press.

LUCKMANN, T.H.

1983. *Life-World and Social Realities*. London: Heinemann Educational.

MAINZER, K.

1976. Mathematische Konstruktivismus. In: *Historisches Wörterbuch der Philosophie*. J. Ritter, K. Gründer & G. Gabriel (eds.). Volume 4, pp. 310-323. Basel-Stuttgart: Schwabe & Co.

PLANCK, M.

1973. *Vorträge und Erinnerungen*, 9<sup>de</sup> herdruk van die 5de druk. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

PLATO.

1973. Uitgegee deur E. Hamilton en C. Huntington: *The collected dialogues of Plato; including the letters*. Princeton: Universiteitsuitgewers.

SMEND, R.

1930. *Der Staat als Integration*. Berlin en Leipzig: W. de Gruyter & co.

STAFLEU, M.D.

1989. *De Verborgene Structuur*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

STEFFENS, H.J.

1979. *James Prescott Joule and the concept of energy*. Folkstone, Eng.: Dawson; New York: Science History Publications.

STERN, G.

1965. *Meaning and Change of Meaning*. Bloomington: Indiana University Press.

STRAUSS, D.F.M.

2004. “Eat it again for the first time”: Identity in a World of Change. In: *Koers* 69(4):555-574.

2005. *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln*. Frankfurt am Main: Peter Lang.

2006. *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology*. Frankfurt am Main: Peter Lang.

2006a. Filosofiese tendense in die wordingsgeskiedenis van ons verstaan van die fisiese natuur. *Akademie Tydskrif vir Natuurwetenskappe*, 25(2) Junie. 93-110.

VAN WOUDEMBERG, R.

2000. *Het mysterie van de identiteit, een analytisch-wijsgerige studie*. Nijmegen: SUN.

VON BERTALANFFY, L.

1973. *General System Theory*. Harmondsworth: Penguin University Books.

VON SAVIGNY, F.C.

1948. *Grundlagen der historischen Rechtschule*. Frankfurt am Main: Vittorio Klostermann.

VON FRITZ, K.

1945. The Discovery of Incommensurability by Hippasus of Metapontum. *Annals of Mathematics*, 46. 242-264.

VON WEIZSÄCKER, C.F.

2002. *Große Physiker, Von Aristoteles bis Werner Heisenberg*. München: Deutscher Taschenbuch Verlag.

WEYL, H.

1966. *Philosophie der Mathematik und Naturwissenschaft*, 3de hersiene en uitgebreide uitgawe. Wenen: R. Oldenburg.